# JEUG ALPHA
# Gawes van die Heilige Gees

1. **<u>PRAISE AND WORSHIP</u>**

2. **<u>YSBREKER</u>: God se geskenk.**
   Gee vir elke groep ‘n boks wat toegedraai is in soveel lae koerant/geskenkpapier soos die lede in die groep. Gee ‘n stel handskoene vir elke groep. Een trek die handskoene aan en probeer met die handskoene aan die een vel koerantpapier los skeur. As die persoon dit af het, gaan dit na die volgende persoon wat dan ook die handskoene aantrek en die volgende laag papier probeer afkry. Die groep wat eerste klaar is, wen.

3. **<u>PROCESS YSBREKER</u>:**

   - Wie hou daarvan om geskenke te kry?
   - Wie hou daarvan om geskenke te gee?

   Vanaand praat ons bietjie oor spesiale geskenke wat God vir ons gee deur Sy Heilige Gees. Ons praat oor die Gawes van die Heilige Gees.

4. **<u>INLEIDING</u>**:

   Ek het vanaand geskenke saamgebring om my te help om die gawes aan julle te verduidelik. Haal groot boks uit met Heilige Gees op. God gee vir ons Sy Heilige Gees om ons te help met ons pad hier op aarde. Dink julle dat hierdie geskenk so toe moet bly? Nee, die Heilige Gees is dan hier om ons te help. Soos julle al tydens die Heilige Gees naweek gehoor het en ook verlede week met die vrugte van die Gees, is die Heilige Gees hier om elke Christen te ondersteun, lei en te verander om al hoe meer soos Jesus te lyk. Hy is ook daar om God se kerk te verander om al hoe meer soos Jesus te lyk. Dis dan juis hier waar die gawes ‘n baie belangrike rol speel.

   Vrae in die groepe (Hierdie vrae moet absoluut net deur die kinders beantwoord word in die groepe. Die groepleiers is net daar om die gesprek te fasiliteer).

- Het jy al van die gawes van die Gees gehoor?
- Kan julle die gawes noem? Kyk hoeveel julle kan neerskryf.

***<u>Kry terugvoering.</u>***

1 Korinthiers 12:4-11 is die bekende gedeelte wat handel oor die gawes. Lees vir groep. In hierdie gedeelte hoor ons dat daar 9 gawes is, wat deur die Heilige Gees uitgedeel word aan wie Hy wil soos Hy in Sy wysheid weet die mense moet ontvang. Nou wil ek julle bietjie meer challenge. Ek gaan vir julle die lys gee van 9 gawes en in julle groepe

wil ek hê julle moet kyk of julle kan verduidelik hoe elke gawe sal werk. Met ander woorde hoe sal jy die gawe beskryf? Gee so 10 minute kans vir die groepe om deur die gawes te werk. Kry terugvoer. (Weereens belangrik dat die groepleiers luister, maar die kinders met hul eie idees en woorde die gawes beskryf).

Vanaand om die gawes makliker verstaanbaar te maak, het ek ‘n klein illustrasie gebring vir julle. Trek die Heilige Gees boks nader. Die gawes van die Heilige Gees kan opgedeel word in 3 kategoriee.

- Haal eerste boks uit groter Heilige Gees boks - die Weet gawes;
- Haal tweede boks uit – die Doen gawes;
- Haal derde boks uit – die Spreek gawes.

Onder die “Weet” gawes is die volgende 3: Woord van kennis, Woord van wysheid en Onderskeiding van geeste.

Ter wille van die tyd gaan ek vir julle kort beskrywings gee van elke gawe en julle kan self ook dan kyk hoe in die kol julle was toe julle vroeer elke gawe in die groep moes beskryf.

- ***<u>Woord van Kennis</u>*** – Dis om iets skielik te weet van ‘n persoon wat onmoontlik is vir jou om te kan weet. Iets wat die persoon dalk gedoen het, iets wat hulle dink of die kondisie van hulle hart. Dit sal iets wees wat in die verlede gebeur het of dalk iets in die hier en nou.

- ***<u>Woord van Wysheid</u>*** – Dit sal iets wees wat die hier en nou of toekoms beinvloed. Dis ‘n wysheid wat God nou vir jou sal gee vir die persoon waarmee jy te doen het en dit sal beslis nie iets wees wat jy met boeke kennis of ondervinding kan op doen nie. Dis ‘n bonatuurlike wysheid.

- ***<u>Onderskeiding van geeste</u>*** – Dit is die bonatuurlike gawe om te kan onderskei of iets wat gebeur deur God se werking of die werking van Satan gebeur. Jy kry geestelike insig in die geestelike realm om te identifiseer watter geeste besig is om te opereer.

  *<u>Die “Doen” gawes is die volgende 3: Genesing, Wonderwerke en Geloof.</u>*

- ***<u>Genesing</u>*** – Hierdie gawe is natuurlik bietjie makliker om te verstaan. Sy naam sê dit als. Met die gawe van genesing sal jy iemand hande op lê en die persoon sal genees word van bv. kanker, vigs, ens en selfs iemand uit die dood op te wek.

- ***<u>Wonderwerke</u>*** – Ook maklik om te verstaan. Iets wat gebeur wat heeltemal onmoontlik was, maar wel gedoen is.

- ***<u>Geloof</u>*** – Die gawe van geloof is om God te vertrou tydens die moeilikste tye wanneer almal rondom jou al opgegee het. Wanneer ander dink dat ‘n situasie onmoontlik is,

het jy die geloof en vertroue in God om deur te druk. Dis om vir 'n wonderwerk te glo.

_Die "Spreek" gawes is die volgende 3: Profesie, Spreek in Tale en die Uitlê van Tale_.

- ***Profesie*** – Daar is 'n gawe van profesie, maar nie almal is profete nie. Ek mag dalk in 'n garage staan, maar dit maak nie van my 'n kar nie. Die gawe kan vir my op die oomblik gegee word, maar dis vir 'n sekere tyd bedoel en dan is dit weer weg. Dis ook nie dieselfde as om te preek nie. Dis iets wat uitborrel of uitvloei as ek dit so kan beskryf en word nie beplan soos bv 'n preek nie. Dis ook nie om die toekoms te voorspel nie. Dit gee wel rigting vir 'n persoon en moet opbou en nooit afbreek nie.

- ***Spreek in tale*** – Dis die gawe waarin jy in 'n hemelse of aardse taal praat in die kerk. Die aardse taal sal iets wees wat jy nog nooit geleer het nie, maar jy sal die vermoe hê om dit op daardie oomblik te kan spreek. Dit sal 'n boodskap wees vir 'n persoon in die diens of moontlik vir die gemeente.

- ***Uitlê van tale*** – Dit sal saam met die gawe van spreek in tale gaan. Jy sal die taal kan verstaan waarin die persoon gespreek het waar niemand anders kon nie en dis dan jou plig om die boodskap oor te dra aan die persoon of gemeente vir wie dit bedoel is.

5. **SAMEVATTING**:

Daar is baie vanaand gesê, maar ek wil julle net los met 'n paar gedagtes. Elke gawe is anders en ons almal kry verskillende gawes, maar die doel van dit alles is om God te verheerlik en Sy kerk op te bou. Dit is nie daar vir ons nie, maar om ander te help. Soos in 'n band waar daar vele instrumente is, is God se kerk vol verskillende mense wat verskillende gawes kry. Tog kom al die instrumente pragtig bymekaar om 'n liedjie te te maak. So maak almal se gawes saam 'n kragtige kerk vir Jesus om siele te red.

6. **SLUIT AF MET GEBED**.